

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 44: D'varim (דברים) Woorde

Hierdie is die woorde waarmee Moshe met die hele Yisra'el gepraat het, oorkant die Yarden, in die wildernis, in die vlakte oorkant Suf, tussen Pa'ran, Tofel, Lavan, Hazerot en Di-Zahav. Deut. 1:1 – PWL¹

Torah : Deut. 1:1 tot 3:22.

- ❖ **Oorsig van Deuteronomium**
- ❖ **Deut. 1:1 tot 5** – Dit Is Die Woorde Van Die Torah.
- ❖ **Deut. 1:9 tot 17** – Wyse En Verstandige En Ervare Manne.
- ❖ **Deut. 1:18 tot 20** – Gehoorsaamheid Aan Torah.
- ❖ **Deut. 1:21 tot 35** – Ongeloof Is Rebelle.
- ❖ **Deut. 1:36 tot 46** – Gehoorsaamheid Wat Uitgestel Word.

Haftorah: Jes. 1:1 tot 27 – Wat Het Verander?

Hernieuwe Verbond:

1 Kor. 6:1 tot 5; 1 Tim. 3:1 tot 7; Titus 1:5 tot 9; Efes. 2:20; 4:11 tot 14 – Geestelike leiers.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

- ❖ **Hand. 7:38 tot 45; Hand. 13:17 en 18** – Israel se wildernis swerftog.
- ❖ **Hebr. 3:7 tot 4:11** – Israel se ongeloof en hardheid van hart
- ❖ **Luk. 9:1; Luk. 10:19; Rom. 8:37; 2 Kor. 10:3 tot 5; Efes. 6:10 tot 18; Jak. 4:7; 2 Tim. 1:7; 1 Joh. 4:18** – Ons vyande en geestelike oorlogvoering.

*We are very good Lawyers for our mistakes and very good Judges for other's mistakes –
Anonymous*

*Never try to maintain relations in your life. Only try to maintain life in your relations –
Anonymous*

*We are in danger of forgetting that we cannot do what God does, and that God will not do
what we can do – Oswald Chambers*

Midrash (Torah Bespreking)

Oorsig van Deuteronomium

D'varim (Deuteronomium) is soos 'n opsomming en hersiening van alles wat tot op hede in Torah geleer is, hoewel dit ook nuwe onderrig en instruksies van YHVH bevat. Yeshua Messias het meer uit Deuteronomium gekwoteer as uit die ander 4 boeke van die Torah.

Deuteronomium kan as Moses se afskeidstoespraak beskou word. Hierdie afskeidswoorde en gebeure kan soos volg opgesom word:

1. **Deuteronomium 1:1 tot 5** – Inleiding (Voorwoord).
2. **Deuteronomium 1:6 tot 4:40** – Moses berispe Israel vir hulle ongehoorsaamheid tydens hul reis vanaf Sinai tot by Kades.
3. **Deuteronomium 4:44 tot 11:32** – Die verbondsverhouding van gehoorsaamheid aan YHVH word bevestig. Die gesindheid en motiewe van hierdie verhouding word onderstreep.
4. **Deuteronomium 12 tot 26** – Moses onderrig Israel ten opsigte van die volgende:
 - ❖ Aanbidding: Deuteronomium 12:1 tot 16:17.
 - ❖ Regeringstruktuur: Deuteronomium 16:18 tot 18:22.
 - ❖ Kriminele oortredinge: Deuteronomium 19:1 tot 21:9.
 - ❖ Huishoudings: Deuteronomium 21:10 tot 25:19.
 - ❖ Offerandes en die Heiligdom: Deuteronomium 26:1 tot 19.
5. **Deuteronomium 27:1 tot 30:20** – Die seëninge en die vloeke, asook die vernuwning van die verbond en die belofte van genade en vergifnis.
6. **Deuteronomium 31:1 tot 34:12** – Die laaste dae van Moses.

- ❖ Verandering in leierskap: Deuteronomium 31:1 tot 29.
- ❖ Die lied van Moses: Deuteronomium 31:30 tot 32:47.
- ❖ Moses seën die stamme: Deuteronomium 32:48 tot 33:29.
- ❖ Moses sterf en Josua volg hom op: Deuteronomium 34:1 tot 12.

Deut. 1:1 tot 5 – Dit Is Die Woorde Van Die Torah.

Dit is die woorde waarmee Moses die hele Israel toegespreek het.... (Deut. 1:1)

In Hebreeus is die naam van die vyfde boek van Moses, naamlik van die Torah, *elleh hadevarim*, wat beteken: *hierdie is die woorde* of verkort as *devarim* (woorde).

Deuteronomium is die Griekse naam wat aan hierdie vyfde boek van die Skrifte gegee is. Hierdie naam is ‘verkeerdelik’ gekies op grond van Deut. 17:18 waar gepraat word van ‘*n afskrif van hierdie wet*, en is gevolglik gekies vanweë die betekenis van *deuteronomium*, naamlik *die herhaling van die wet* of die letterlike betekenis is: *die tweede wet* (*deuteros* beteken *tweede* en *nomos* beteken *wet*). Deuteronomium (*D’varim*) is dan ook grootliks ‘n herhaling (hersiening) van al YHVH se onderrig en instruksies (die Torah, die wet) soos deur Moses aan die volk oorgedra was. Soos reeds genoem kan dit ook beskou word as Moses se afskeidswoorde aan Israel.

In die vorige vier boeke van die Torah het ons telkens geles: *YHVH het met Moses gespreek en gesê: ‘Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle....’* Die boek van Deuteronomium begin egter soos volg: *Dit is die woorde waarmee Moses die hele Israel toegespreek het.... (Deut. 1:1).* Dit is dus Moses wat alles wat hy by YHVH geleer het nou weereens aan Israel kommunikeer.

In Deut. 1:3 lees ons wanneer Moses begin het om hierdie afskeidsboodskap te lewer, naamlik *in die veertigste jaar, in die elfde maand, op die eerste van die maand, het Moses met die kinders van Israel gespreek net soos YHVH ten opsigte van hulle aan hom bevel gegee het.*

Moses is die outeur van Deuteronomium, hoewel die aanhef (Deut. 1:1 tot 5) en die sterwe van Moses (hoofstuk 34) deur iemand anders geskrywe was. Yeshua bevestig ook Moses as die outeur (Matt. 19:7 en 8; Mark. 10:3 tot 5; Joh. 5:46 en 47) en so ook bevestig van die ander skrywers van die hernieude verbond hierdie feit (Hand. 3:22 en 23; 7:37 en 38; Rom. 10:19). Yeshua erken ook die gesaghebbendheid van *D’varim* (Matt. 4:4, 7 en 10). In die Skrifte van die hernieude verbond is daar bykans ‘n 100 teksverse en verwysing na Deuteronomium.

Die sleutelteks (die hart) van *D’varim* is Deut. 6:4 en 5

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד
Sh'ma Yisra'el Yahuah Eloheinu Yahuah egad.

Luister, Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een.

DAAROM

moet jy יהוה jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.

Deut. 6:4 staan bekend as die *Sh'ma* en is Israel se geloofsbelydenis dat YHVH die enigste ware God (Elohiem) is en dat gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies op grond van liefde moet wees – liefde vir YHVH-God en liefde vir naaste! Die *Sh'ma* is deur Yeshua self bevestig toe 'n Skrifgeleerde vir Hom gevra het wat is die eerste gebod van almal. Yeshua se antwoord was: *Hoor, Israel, YHVH ons God is Een en jy moet YHVH jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod.* (Mark. 12:28 en 29).

Volgens Deut 6:4 en 5 sien ons dus 'n liefdesverhouding tussen YHVH en Sy volk. Dit is 'n verbondsverhouding waar die saambindende faktor liefde is. Israel is YHVH Yeshua se bruid en die Bruidegom verlang dat Sy bruid Hom in liefdevolle gehoorsaamheid sal bemin. As Bruidegom en Vader van Sy huishouding onderneem Hy om in alle opsigte vir Sy Bruid te sorg indien sy getrou bly.

In hierdie laaste boek van Torah herinner Moses die volk aan hierdie liefdesverhouding. *D'varim* kan daarom ook as 'n verbondshernuwings dokument beskou word. Moses lewer hierin 'n passievolle pleidooi dat Israel hierdie liefdesverhouding nie moet verwaarloos nie, maar deur gehoorsaamheid hul liefde vir YHVH moet bewys. Elkeen wat YHVH se Torah bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword (1 Joh. 1:5). Gehoorsaamheid is die beantwoording van YHVH se liefde.

Deuteronomium is ook 'n bevestiging dat redding uitsluitelik YHVH se genade voorsiening is vanweë Sy liefde vir Sy volk wat Hy as die Almagtige deur Sy verbond met hulle bewys. Die bevestiging hiervan word in Deut. 7:7 tot 10 gevind

יהוה het nie Sy liefde op julle gesit of julle gekies omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die minste van al die volke, maar omdat יהוה julle liefhet en die eed gehou het wat Hy tot julle vaders gesweer het, het יהוה julle met 'n sterk hand uitgelei en julle bevry uit die huis van slawerny, uit die hand van Farao, die koning van Mitzrayim. Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam, maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal (PWL).

YHVH het Israel uit Egipte gered vanweë Sy liefde vir Israel en op grond van die verbond met Abraham, Isak en Jakob. Deuteronomium is ook bevestiging dat die wat deur YHVH geregverdig verklaar is, naamlik gered is, uit liefde vir hulle Redder aan al Sy onderrig en instruksies gehoorsaam moet wees.

In hierdie laaste boek van die Torah sien ons ook 'n duidelike heenwysing van die verlossing wat deur Yeshua Messias sal kom:

יהוה, jou God, sal 'n profeet soos ek uit jou midde, uit jou broers, vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister volgens alles wat jy van יהוה, jou God, by Horev gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: 'Laat my nie weer die stem van יהוה, my God, hoor nie en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sal ek sterf.' יהוה het vir my gesê: 'Hulle het goed gepraat.' Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel. Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in

My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie, maar die profeet wat voorbarig is om 'n woord in My Naam (Karakter en Outoriteit) te praat wat Ek hom nie beveel het om te praat nie, of wat in die naam (karakter en outoriteit) van ander gode praat, dié profeet moet sterf. Jy mag in jou verstand sê: 'Hoe sal ons die woord ken wat יהוה nie gepraat het nie?' Wanneer 'n profeet in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה praat en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dít die woord wat יהוה nie gesê het nie; deur voorbarigheid het die profeet dit gesê; jy moenie vir hom bang wees nie. Deut. 18:15 tot 22 – PWL.

‘n Profeet soos Moses sal uit Israel kom om al die woorde wat Moses tot die volk gespreek het, te herhaal en te bevestig. Die man wat nie na die woorde van hierdie profeet luister nie, van hom sal YHVH self rekenskap afeis (Deut. 18:18 en 19). Volgens hierdie Skrifgedeelte is dit ook duidelik dat daar profete sal kom wat nie die woorde van YHVH sal spreek nie (Deut. 18:20 tot 22) – die vals profete waarteen Yeshua ons gewaarsku het (Matt. 7:15).

Rabbi Rashi het ten opsigte van die openingswoorde van *D'varim* die volgende gesê: "*These are the words which Moses spoke to all Israel,*" is meant to teach that words of Torah should always be regarded as something new and exciting. "*They should be new in your eyes every day,*" Rabbi Ben Bag het ook ten opsigte van Torah gesê: "*Turn it over, turn it over again, for everything is within it. Look into it and become gray haired and old in it.*"

Ons sal nooit Torah-volleerd kan wees nie – elke dag is Torah nuut en vars, want dit is die skeppingswoorde van die Almagtige (Joh. 1:1 tot 3 en 14; Heb. 1:1 tot 3). Dit is lewend en kragtig (Heb. 4:12). Daarom is *D'varim* nie ‘n vervelende herhaling nie. Torah is soos ‘n diamantmyn propvol geestelike diamante en jy is die delwer en die Afgesonderde (Heilige) Gees (die *Ruach HaKodesh*) is die Een wat jou leer en lei waar die kosbaarste diamante is. Hy is die een wat jou ook help om hierdie geestelike diamante te slyp tot sy volle prag sodat dit ‘n sieraad kan wees – van dit wat jy prakties kan toepas en van dit wat die Vaderhart openbaar.

Bestudering van Torah, en die Skrifte in totaliteit, is die wyse wat ons ‘n verhouding met Vader-God bou. Ons vertrou (geloof) in YHVH is op grond van ons kennis van Hom en ons kennis van Hom is deur die Lewende Woord – Yeshua Messias.

Moses Onderneem om die Torah te verklaar

Oos van die Jordaan in die land Moab het Moses onderneem om hierdie wet te verklaar deur te sê: Deut. 1:5.

Moses onderneem om vir oulaas die wet (die Torah) te verklaar. Die Hebreeus vir *verklaar* is *ba'ar* en beteken *om te grawe, te grafeer en te verduidelik*. Hoewel Moses weet dat hy nie die beloofde land sal ingaan nie, en dit ook so aanvaar het, wend hy ‘n laaste poging aan om diep in YHVH se Torah te grawe en deur verduideliking die Torah in hulle verstand en op hulle harte te graveer (in te prent).

Op hierdie stadium van die Parashah-siklus is dit goed dat ons weer besin oor die betekenis van Torah (die wet) en die doel daarvan. Eerstens is dit noodsaaklik dat die betekenis van *wet* en van *Torah* verstaan moet word, want wanbegrip van die betekenis van hierdie twee terme is die oorsaak van baie geestelike verwarring, en selfs misleiding, omrede sekere Skrifgedeeltes verkeerd interpreteer word.

Wanneer die woord *wet* in geloofsverband gebruik word, dink die meeste Christene aan die tien gebooie (Ex. 20:1 tot 17). Hierdie is egter slegs een betekenis van hierdie woord soos dit in die Skrifte gebruik word. Om die korrekte betekenis te verstaan moet die Hebreuse betekenis daarvan verduidelik word. Die Hebreuse woord vir *die wet van YHVH* is *Torah*. Die letterlike betekenis van hierdie woord is: *onderrig*, maar kan meer breedvoerig beskryf word as: *Die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH*.

Torah bevat ook die gedagte *om rigting aan te dui*. Die wet soos dit in Skriftuurlike verband gebruik word, is dus die Torah en is nie **net** die tien gebooie nie, maar al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH soos wat in die eerste vyf boeke, asook in die hele Skrif, opgeteken is en wat vir gelowiges die rigting (pad) aandui.

Die Torah is YHVH se onderrig in geregtigheid. Deur geloof in Yeshua as Messias word ons gered en geregverdig verklaar, maar deur YHVH se Torah word ons geleer hoe om as geregverdigde te lewe, naamlik heiligmaking (afsondering; afgesonder vir YHVH). En sonder heiligmaking sal niemand ons Meester sien nie (Heb. 12:14).

Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. 1 Thess. 4:7.

In die Griekse vertaling van die Skrifte is *Torah* met *nomos* vertaal. Die oorspronklike betekenis van *nomos* is nie YHVH se Torah nie, maar wette soos landswette, naamlik mensgemaakte wette. Waar die woord wet (wette, *law*) in die Skrifte gebruik word, sal die konteks van die bepaalde Skrifgedeelte bepaal of dit as wet, in die sin van 'n mensgemaakte wet, of as *Torah*, in die sin van 'n wet (onderrig, instruksie en wysheid) van YHVH vertaal moet word. Vergelyk Gen. 47:26 (mensgemaakte wet) en Ex. 13:9 (Torah).

Die volgende voorbeeld van Ps. 1:1 en 2 kan gebruik word as illustrasie van hoe 'n Skrif *nuwe* betekenis kry wanneer die verskil tussen wet en *Torah* verstaan word:

Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet (die Torah) van YHVH, en hy oordink sy wet (die Torah) dag en nag.

Hiervolgens is dit duidelik dat die mens wat 'n behae het in die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH welgeluksalig sal wees. Hierdie is veel meer as net 'n behae in die tien gebooie. Dit is 'n behae in die totaliteit van YHVH se Torah wat die rigtingwyser vir die mens se lewe is.

Hierdie onderskeid tussen *wet* en *Torah* is baie belangrik en moet voortdurend in die Afrikaans en Engelse vertalings van die Skrifte gemaak word. 'n Wet is uitsluitlik *'n moet of 'n moenie*. Die mens wat nie aan die *moet* of *moenie* gehoorsaam is nie, oortree die wet en sal gestraf word. Die *Torah* se uitsluitlike doel is egter om die mens te onderrig deur instruksies en wysheid soos opgeteken is in die Woord van YHVH. In hierdie instruksies en wysheid is die *moets* en *moenies* vervat. Gesamentlik vorm dit die lamp vir jou voet en die lig op jou pad (Ps. 119:105).

Torah stel nie onredelike standarde nie!! YHVH as God en Vader van sy uitverkore volk en kinders sal nie onhaalbare (onbillike) vereistes en standarde stel en hulle dan vervloek omrede dit menslik onmoontlik is om daaraan te voldoen nie!! Verwys Deut. 30:11 tot 14 en soos deur Paulus in Rom. 10:6 tot 8 bevestig word.

want hierdie opdrag wat ek jou vandag beveel, is nie vir jou te swaar nie en is nie buite bereik nie. Dit is nie in die hemel sodat jy moet sê: ‘Wie sal vir ons na die hemel toe opgaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor sodat ons dit kan doen?’ nie. Dit is ook nie oorkant die see sodat jy moet sê: ‘Wie sal vir ons na die oorkant van die see gaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor sodat ons dit kan doen?’ nie, maar die woord is baie naby aan jou, in jou mond en in jou verstand sodat jy dit kan doen. Deut. 30:11 tot 14 – PWL.

Die onpartydige opregtheid wat uit vertroue is, sê dit so: “Moenie in jou gedagtes, wil en verstand sê: ‘Wie het opgegaan na die hemel en Die Gesalfde Een afgestuur; wie het in die bodemlose put van Sh’ol neergedaal en Die Gesalfde Een uit die dood uit opgebring?’ nie. Daarteenoor, wat sê dit?² “Naby jou is die antwoord, in jou mond en in jou verstand.” Dit is die boodskap van vertroue wat ons verkondig. Rom. 10:6 tot 8 – PWL.

YHVH het nie Israel van die slawejuk van Egipte bevry om van hulle slawe van die Torah te maak nie. Nee, want dit is juis ongehoorsaamheid aan Torah wat van elkeen ‘n slaaf van sonde maak.

In ‘n sekere sin is Torah neutraal – dit is nie negatief of positief nie, maar soos ‘n spieël wat slegs ‘n beeld weerkaats. Torah is YHVH se spieël wat die beeld sal weerkaats van die persoon wat voor die spieël staan – jy sien jouself soos Torah jou sien! Die spieëlbeeld is een van Torah-gehoorsaam of een van Torah-ongehoorsaam. Daarom skryf Jakobus in sy brief:

Wees ’n doener van die boodskap en nie net ’n hoorder wat jouself mislei nie, want as iemand ’n hoorder van die boodskap is en nie ’n doener nie, is hy soos ’n man wat sy gesig in ’n spieël sien, want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het, maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet van vryheid en daarin volhard omdat hy nie ’n vergeetagtige hoorder is nie, maar ’n doener van die dade, sal geseënd wees in wat hy doen.
Jak. 1:22 tot 25 – PWL.

Diegene wat Torah-gehoorsaam is, word geseën en die wat Torah-ongehoorsaam is word vervloek. Die doel van Torah is dus beide positief en negatief en insae hierin help ons om die doel van Torah te verstaan, naamlik:

- ❖ Torah maak die sonde in ons ‘wakker’ en gee dit vastrapplek (Rom. 7:8). Dit beteken dat as ons volgens Vader se Torah ‘sien’ (leer) wat sonde is, en ons weier om dit te bely en vergifnis te vra, dan het die sonde ‘n houvas op ons. Dan rebelleer ons teen YHVH-God en verwerp ons die genade van vergifnis in Yeshua Messias. Torah is dus ons tugmeester wat ons na Yeshua neem waar ons vergifnis kan ontvang (Gal. 3:24). Onder die hernieuwe verbond is die Afgesonderde Gees die een wat ons herinner wat YHVH se Torah, wat in ons verstand gegee is en op ons hart geskryf is, ons leer. Nou dat ons in Yeshua vry van die aanklag van die Torah is, kan ons telkens vergifnis ontvang wanneer ons Torah oortree (Gal. 3:25). Torah is dus tot voordeel (seën) van die persoon wat deur geloof, en met die hulp van die Afgesonderde Gees, in gehoorsaamheid lewe, terwyl dit die oordeel tot die dood is (‘n vervloeking) vir die persoon wat ongehoorsaam is.
- ❖ Selfs vir die Torah-gehoorsame gelowige sal Torah dus steeds ‘n sondebewustheid (skuldgevoelens) skep. Paulus skryf dat as hy die goeie wil doen, dan is die kwaad by hom aanwesig, hoewel hy hom in die Torah verlustig (Rom. 7:21 en 22). Maar dan gee Paulus ook die antwoord vir hierdie probleem, naamlik: *Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Yeshua Die Gesalfde Een, onse Meester!*

(Rom. 7:24 en 25). Ons word van hierdie skuld las bevry deur die genadevoorsiening van vergifnis deur geloof in Yeshua as Messias. Verwys Rom. 3:21 tot 26 en 1 Joh. 1:9 tot 2:2.

- ❖ Torah is YHVH se maatstaf (skietlood) waarvolgens elke mens geoordeel gaan word. Dit is die Woord wat ons elkeen in die laaste dag sal oordeel (Joh. 12:48). Selfs die geregverdigde se werke sal geoordeel word (1 Kor. 3:11 tot 15).
- ❖ Omrede die Torah YHVH se maatstaf van geregtigheid is, is dit ook die aanklag dat elke mens gesondig het en dus ver van God af is (Rom. 3:23). Torah lewer dus bewys dat elke mens ‘n Redder nodig het – iemand wat hom van sy sonde toestand kan verlos. Daarom is Torah die tugmeester wat die mens die weg na Yeshua Messias aandui (Gal. 3:24 en 25).
- ❖ Torah is YHVH se voorsiening (‘reëls’) van genade wat die mens leer hoe om as ‘n geregverdigde te lewe. Die gee van Torah by Sinai was opsigself ‘n geskenk van genade, want dit het die belofte van die Messias bevat (Joh. 1:17 en 46; Joh. 5:46 en 6:32). Hierdie genade-voorsiening behels nie wettiesheid nie, maar bied beskerming vir elkeen wat in gehoorsaamheid aan Torah wil leef. As burger (onderdaan, priester) van die Koninkryk van Lig (YHVH se Koninkryk) bied dit beskerming teen die koninkryk van die duisternis (Satan se koninkryk) deurdat Torah onderrig gee om te kan onderskei tussen die waarheid en die leuen, tussen rein en onrein en tussen heilig en onheilig om sodoende ‘n ingeligde besluit te kan neem oor wat YHVH se wil is. Torah gee onderrig en instruksies sodat die mens ware lewe kan kies (Deut. 30:19; Joh. 10:10).
- ❖ Yeshua is die Torah van YHVH wat vlees geword het. Daarom maak die wet (Torah) van die Gees van die lewe in Yeshua ons vry van die wet (Torah) van die sonde en die dood (Rom. 6:2).
- ❖ Gehoorsaamheid aan Torah verseker aardse seëninge (Deut. 28:1 tot 14), sowel as ewige belonings (NIE die ewige lewe nie, want dit is alleen deur geloof – Ef. 2:8!). Verwys Matt. 24:45 tot 47; Matt. 25:21 tot 23; 1 Kor. 3:8 en 13 tot 15 en 1 Pet. 5:4.
- ❖ Gehoorsaamheid aan Torah bevorder (bou aan) ‘n intieme verhouding met YHVH Yeshua. Verwys Joh. 14:15, 21 en 23; 1 Joh. 2:3 tot 6.
- ❖ Gehoorsaamheid aan Torah help ons om nie te sondig nie – om geestelik rein te wees (1 Joh. 3:3 tot 6) en om effektief weerstand teen Satan te bied (Jak. 4:7).
- ❖ Deur gehoorsaamheid aan Torah word YHVH se liefde in ons volmaak (1 Joh. 2:5). Gehoorsaamheid is die volmaakte wyse om YHVH se liefde te beantwoord. [Onthou: YHVH vra van ons gehoorsaamheid en nie offerande nie – Verwys 1 Sam. 15:22 en 23].

Bepeins of Bespreek

1. In die lig van die betekenis en doel van Torah behoort dit duidelik te wees hoekom die wet (Torah) nie opgehef is nie, maar deur Yeshua bevestig en volledig gemaak is (Matt. 5:17). Het Yeshua ooit Sy dissipels geleer dat Vader se Torah opgehef sal word na Sy folterdood en opstanding?

2. Is jy deel van Israel en dus van Torah-gehoorsaamheid? Indien jy nie deel van Israel is nie, is die vraag: Deel van wat is jy dan? In die verband is dit belangrik om die volgende te verstaan: Die woord *kerk* word nie in die oorspronklike Skrifte (Bybel) gevind nie. Wat algemeen bekend staan as *die kerk* is die Hebreeuse woord *qahal* en die Griekse woord *ekklesia*. Beide hierdie woorde het feitlik dieselfde betekenis, naamlik: *die vergadering, die gemeente en die uitgeroepenes*. So vind ons byvoorbeeld in Ex. 12:6, verwysend na die paaslam die volgende: *...en die hele vergadering (qahal) van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand*. Dan lees ons ook in Matt.16:18 dat Yeshua aan Petrus sê: *en op hierdie rots sal Ek my gemeente (ekklesia) bou*. Israel van ouds was dus die gemeente (*die kerk*) van YHVH net soos wat die eerste gelowiges in Yeshua as die Messias ook die gemeente (*die kerk*) van YHVH ons Vader-God is. Die ware Israel is dus elkeen wat glo in Yeshua as Messias en as geregtedige volgens YHVH se Torah leef!
3. Is Deut. 1:5, en verwysend na die betekenis van *verklaar*, ‘n heenwysing na die belofte in Jer. 31:31 tot 34 en soos in Heb. 8:8 tot 12 bevestig word? Het Yeshua nie ook gekom om die Torah in ons verstand en in ons hart in te prent nie (Matt. 5:17)?
4. Vanaf Sinai (Horeb) tot op die grens van Kanaän (Kades-Barnea) is slegs sowat 11 dae se reis en tog het Israel weens hulle ongehoorsaamheid aan Torah en hulle ongeloof (wantroue) in YHVH se beloftes vir 40 jaar in die wildernis geswerf! Wat verhinder ons om geestelik te groei? Watter sonde (ongehoorsaamheid), watter vrees en watter vorm van valse leerstellings (afgodery) verhinder ons om ons ‘Beloofde Land’ in besit te neem? Wat veroorsaak dat sommige steeds in die wildernis rond swerf?
5. Verkies jy soos die stamme van Gad en Ruben (Verwys ook Parashah 42 – Numerie hoofstuk 32) om eerder te bly waar jy is? YHVH gee aan ons die ‘Beloofde Land’, maar ons moet gaan en dit in besit gaan neem (Deut. 1:21 en 39)!! Ons moet nou saam met Vader-God beweeg en nie later wanneer ons berou het omrede ons Hom wantrou het nie (Deut. 1:39 tot 46).

Deut. 1:9 tot 17 – Wyse En Verstandige En Ervare Manne.

Bring tog wyse en verstandige en ervare manne aan volgens julle stamme, dat ek hulle as julle hoofde kan aanstel. Deut.1:13

Soos ons reeds geleer het was Israel regeer deur ‘n gesagstruktuur wat in Moses gesetel was en waar Moses self direk aan YHVH verantwoord het. So ‘n gesagstruktuur staan bekend as ‘n teokrasie, want Vader-God is die Hoogste Gesag ten opsigte van die fisiese en geestelike. Die uitvoerende gesag om Israel volgens Torah te regeer, asook in Torah te onderrig en om volgens Torah te oordeel, naamlik beslissing en uitspraak te lewer, is deur YHVH aan Moses gegee en hierdie gesagposisie staan bekend as die stoel van Moses (Matt. 23:2)². Moses is dus die heenwysing (afbeelding) van wat leierskap behels en hoe dit moet funksioneer.

Moses is ook ‘n heenwysing na Yeshua Messias wat as Koning en Hoëpriester sal regeer. Daarom het Yeshua gekom om die wet (Torah) te vervul (te bevestig; geldig te verklaar) en nie om dit te ontbind (tot niet te maak) nie (Matt. 5:17). Soos wat dit in die dae van Moses was, so sal dit wees met die wederkoms van Yeshua.

² Die korrekte vertaling van Matt. 23:3 moet soos volg lees: *Alles wat Moses dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle (die skrifgeleerdes en die Fariseërs se) werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie.*

Moses het wyse, ervare en verstandige manne uit die 12 stamme aangestel om hom by te staan in hierdie teokratiese regering. So ook het Yeshua 12 dissipels met dieselfde doel aangestel. Die gemeente van YHVH moet steeds as 'n teokrasie funksioneer. Elke opvolger van Moses, naamlik elke geestelike leier, sit ook op die stoel van Moses. Daarom het Yeshua gesê: *Die leraars van die wet en die Fariseërs het gaan sit op die stoel van Moshe* (Matt. 23:2 – PWL). Die probleem was egter dat die skrifgeleerdes en Fariseërs afgewyk het van Torah deur vir Israel bygevoegde mensgemaakte wette te leer. Hulle het pakke (laste) saamgebind wat moeilik is om te dra en dit op mense se skouers gelê (Matt. 23:4). Daarom het Yeshua gesê dat elkeen wat op die stoel van Moses sit en een van die minste van die geboorte van Torah breek, en die mense so leer, sal die minste in die koninkryk genoem word (Matt. 5:19).

Die hooftaak van 'n geestelike leier (leraar, apostel, dissipel) is dus om na die fisiese en geestelike behoeftes van die gemeente om te sien. Sy belangrikste taak is om 'n leraar van Torah te wees, naamlik om mense in die wet van YHVH te onderrig en hulle te leer hoe om dit in hulle alledaagse lewe toe te pas. Dit is die fondament waarop die gemeente gebou moet word en Yeshua Messias, die Lewende Torah, is hierdie fondament (1 Kor. 3:11). Geestelike leiers wat versuim om dit te doen openbaar die gees van Korag, want hulle rebelleer teen Moses – teen YHVH se Torah!! As gelowiges in Yeshua as Messias moet ons die woorde van Torah as die gesag van YHVH erken.

Bepins of Bespreek

1. Onder die ou verbond kon die priester nie rykdom versamel nie, want geen grondgebied is aan die priesterdom toegeken nie. Hoe vergelyk dit met sommige hedendaagse geestelike leiers? Is dit Skriftuurlik om hedendaagse geestelike leiers (dominees, pastore, ens.) as die priesters te beskou wat deur die volk (gemeente) onderhou moet word? Is ons dan nie almal priesters nie (1 Pet. 2:9)?
2. Hoekom het die Apostels nooit tiendes ontvang nie? Hoekom het hulle die mense nooit geleer om hulle tiendes aan hulle te gee nie? Het dit dalk iets te doen met die feit dat daar steeds 'n tempel was? Wat van Matt. 23:23? Toe daar 'n tempel en Levitiese priesterdom was, was tiendes na die tempel geneem. Maar nog belangriker (die meer gewigte) was regverdige oordeel, barmhartigheid (aan die armes, die wese en die weduwee), asook vertrouwe en getrouheid. Daar is vandag nie 'n tempel nie, maar daar is steeds die armes, die wese en die weduwee! Is dit dan nie waarheen ons tiendes moet gaan nie? Onthou: Die bevolking het nie vir die stamhoofde van Israel hulle tiendes gegee nie!!

Deut. 1:26 tot 35 – Ongeloof Is Rebelle.

Nogtans wou julle nie optrek nie, maar julle het teen die opdrag van יהוה, julle God, gerebelleer en in julle tente gemurmureer en gesê: 'Omdat יהוה ons haat, het Hy ons uit Egipte uitgelei om ons in die hand van die Emoriete oor te gee, om ons te vernietig. Deut. 1:26 en 27 – PWL.

Weens Israel se ongeloof (wantroue) in die belofte wat YHVH aan Abraham, Isak en Jakob gemaak het, het Israel nie die Beloofde Land in besit geneem op die tyd soos YHVH bepaal het nie. Ongeloof is wantroue in die beloftes van YHVH. Dit is gelykstaande aan rebelle teen YHVH, want dit lei tot ongehoorsaamheid. Wantroue en ongehoorsaamheid het Israel verhinder om Kanaän aanvanklik in besit te neem!

Dikwels is ons op die punt van 'n geestelike deurbraak wanneer ons 'n negatiewe verslag, berig of gerug ontvang wat ons vertrou in YHVH in wantroue laat verander. Dit verhinder ons dan om YHVH se doel vir ons te bereik en om dit te ontvang (in besit te neem) waarvoor ons gehoop en gebed het! So staan ons dan ook soos Israel na die verslag van die verkenners in rebellie voor YHVH. Ons vrees vir die onbekende is dikwels die oorsaak van ons wantroue in YHVH as die waarmaker van Sy Woord.

Israel se waterskeidingsoomblik (*defining moment*) was toe hulle die 10 verkenners geglo het en nie vir YHVH nie. Volgens oorlewering het dit op die 9 Av (*Tisha B'av*) gebeur. Hulle het nie YHVH se woord geglo nie (Deut. 1:32) en Israel gaan steeds vandag gebuk onder die gevolge daarvan. Tien van die verkenners het teen YHVH gelaster! Die volk het die woorde van 10 mense geglo en nie YHVH se Woord nie! Die verslag van die verkenners was soos 'n wortel van bitterheid wat die hele volk besoedel het (Heb. 12:15). Hierdie wortel van bitterheid vind ons in die woorde van Israel: *Omdat יהוה ons haat, het Hy ons uit Egipte uitgelei om ons in die hand van die Emoriete oor te gee, om ons te vernietig* (Deut. 1:27).

Yeshua het gesê dat ware liefde vir God is om Sy gebooe (opdragte; voorskrifte) te onderhou en te doen (Joh. 14:21, 23 en 24). As te ware het YHVH vir Israel gesê: *As julle my waarlik liefhet, sal julle my vertrou en in gehoorsaamheid Kanaän in besit gaan neem.*

YHVH het aan Israel die land Kanaän belowe, maar hulle moes dit in besit gaan neem het. Hulle geloof moes met die werke van geloof gepaard gegaan het. Israel moes sy deel van die vervulling van YHVH se belofte deur gepaste handeling opeis. Geloof (vertrou) is om seker te wees van wat ons hoop en oortuig te wees van dit wat ons nie sien nie (Heb. 11:1). Geloof is om te sien wat YHVH sien en om dit dan in gehoorsaamheid te doen! Alleenlik dan sal die onsienlike sigbaar word ('n werklikheid word).

Bepeins of Bespreek

1. Beleef ons nie ook soos Israel dikwels waterskeidingsoomblikke nie? Ons waterskeidingsoomblik gaan wees wanneer ons die uiteindelijke doel waarvoor ons geskape is gaan mis omrede ons mense glo en nie die Woord van YHVH nie, of omrede ons vrees groter is as ons vertrou in YHVH se beloftes.
2. Die 'formule' van geloof is vertrou plus getrouheid. Dit is vertrou in YHVH as 'n waarmaker van Sy Woord en ons getrouheid (gehoorsaamheid) aan Sy Woord (Sy Torah). Is dit altyd maklik om hierdie 'formule' toe te pas?

Deut. 1:36 tot 46 – Gehoorsaamheid Wat Uitgestel Word

En יהוה het vir my gesê: 'Sê vir hulle: Moenie optrek of veg nie, want Ek is nie tussen julle nie, anders sal julle voor julle vyande verslaan word.' Deut. 1:42 – PWL.

Gehoorsaamheid wat uitgestel word is ongehoorsaamheid!! Dit is die les wat Israel geleer het nadat hulle berou gekry het oor hulle ongehoorsaamheid om nie Kanaän in besit te wil gaan neem nie. Nadat Moses hulle bevel gegee het dat hulle moet omdraai en na die woestyn trek, het hulle egter geantwoord: *Ons het teen YHVH gesondig; ons self sal optrek en veg net soos YHVH onse God ons beveel het* (Deut. 1:41). YHVH het egter geantwoord: *Julle mag nie optrek en veg nie – want Ek is nie in julle midde nie – dat julle nie voor julle vyande verslaan word nie* (Deut. 1:42).

So het ek met julle gepraat, tog het julle nie geluister nie, maar het julle teen die opdrag van יהוה gerebelleer en verwaand in die bergland opgetrek en die Emoriete wat in dié bergland gebly het, het uitgetrek teen julle en julle gejaag soos bye en julle aan stukke geslaan van Se'ir tot by Hormah. Julle het teruggekome en voor יהוה gehuil, maar יהוה wou nie na julle stem luister nie en het geen gehoor aan julle gegee nie. Deut. 1:43 tot 45 – PWL.

Israel wou op hulle manier sondevergifnis ontvang deur te probeer om dit reg te maak wat hulle verkeerd gedoen het. Dit is egter YHVH-God wat sonde vergewe en ons kan nie met Hom daarvoor onderhandel nie.

Bepeins of Bespreek

1. Het ons ook al soos Israel opgetree wanneer ons berou gekry het oor ons sondes? Onthou: Vader-God is te alle tye die Oppergesag – selfs in tye van sondeberou. Ons moet te alle tye dinge volgens YHVH se manier doen! Ons ontvang altyd vergifnis indien ons met opregte berou ons sondes bely, maar dikwels moet ons steeds die gevolge van ons sondes dra. Dit wat ons gesaai het, moet ons oes! Beteken dit dat Vader-God ons aan ons lot oorlaat wanneer ons 'n sonde-oes moet afhaal?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 1:1 tot 27 – Wat Het Verander?

Hoor, o hemele, en luister, o aarde, want YHVH spreek: Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar hulle het teen My oortree. Jes. 1:2

In die lig van die Haftorah Skriflesing kan ons die volgende vraag vra: Is daar 'n verskil in die geestelike toestand van Juda (Israel) van ouds en die hedendaagse gemeente ('kerk'), asook ten opsigte van die geestelike en sedelike toestand van die land waarin ons bly? Om hierdie vraag te beantwoord moet ons eers duidelikheid oor die volgende kry:

- ❖ Het YHVH se maatstaf (skietlood) van geregtigheid verander?
- ❖ Het YHVH se wet, Sy Torah (liefdevolle onderrig) verander?
- ❖ Het die definisie van sonde ooit verander en verstaan die Christendom wat YHVH se definisie van sonde is?
- ❖ Gaan daar 'n dag kom wat die mens (die lewendes en die dooies) vir sonde (oortreding van YHVH se wet) geoordeel gaan word?

Met bogenoemde in gedagte kan die vergelyking tussen Juda van ouds en die hedendaagse gemeente ('kerk') en samelewing getref word.

Ons lees in Jes. 1:2 – *maar hulle het teen My oortree*. Juda het teen YHVH gerebelleer deur Torah te oortree. Om te rebelleer is om nie na die woorde van YHVH Yeshua te luister nie (Deut. 18:19). Die woorde van YHVH is vervat in Yeshua, die Lewende Torah (die wet – Joh. 1:1). Die Christendom verwerp die Torah omrede hulle glo hulle is vry van die wet. Inderwaarheid verwerp hulle dan vir Yeshua. Samuel het aan Saul gesê: *wederstrewigheid*

(rebellie) is 'n sonde van waarsêery en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens (1 Sam. 15:23).

Die geestelike en morele toestand van die volk word met die van Sodom en Gomorra gelykgestel (Jes. 1:10). Die sonde van Sodom en Gomorra was hoofsaaklik seksuele sonde. Die geestelike en morele verval van die 'kerk' en van ons land is weens die feit dat die Christendom en die regering YHVH se Torah verwerp het.

Selfs die gesagsowerhede het teen YHVH gerebelleer (Jes. 1:23). Ons land is ook hieraan skuldig, want nêrens vind ons politieke en regeringsleiers wat volgens Torah-beginsels regeer nie. In die verband sê Jesaja ook: *Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag – en nou moordenaars! (Jes. 1:21).*

Jerusalem, die setel van ware aanbidding en die stad van God, het tot hoerery verval. Hierdie is 'n sinnebeeld van die bruid wat ontrou geword het. Juda het nou 'n vesting van Babilon geword. In die verband lees ons ondermeer in Openbaring 18:4 – *Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.* Hierdie opdrag het nie verander nie!! Die volk het nou moordenaars geword – mense wat reg en geregtigheid minag en die wese, die arme en die weduwee vergeet het. Geld hierdie aanklag nie steeds vandag nie?

Die volk het YHVH met die lippe gedien, maar hulle hart was ver van Hom (Jes. 29:13; Matt. 15:8). Daarom sê YHVH vir hulle:

Moenie langer julle waardelose offergawes bring nie; wierook is 'n gruwel vir My. Nuwemaan en Shabbat, die uitroep van byeenkomste; Ek kan nie oortredinge saam met die ernstige byeenkomste verdra nie! Ek haat julle nuwemaanfeeste en julle aangestelde feestye; hulle het vir My 'n las geword; Ek is moeg om dit te dra. Wanneer julle jul hande uitsprei, sal Ek My oë vir julle toemaak; ja, selfs al vermenigvuldig julle gebede, Ek sal nie luister nie. Julle hande is oortrek met bloed. Jes. 1:13 tot 15 PWL.

In Jes. 1:3 lees ons: *'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie.* Israel het so afvallig geword dat hulle nie meer kennis van YHVH het nie en Hom ook nie herken nie! Wederstrewigheid (rebellie) veroorsaak dat die stem van YHVH nie meer gehoor of herken word nie. Indien die kerk nog YHVH se stem sou herken en daarna sou luister, sou hulle Torah-gehoorsaam wees.

Yeshua is die Goeie Herder en Sy skape ken Sy stem (Joh. 10:2 tot 11). Ongehoorsaamheid veroorsaak dat die mens die natuur van 'n redelose dier aanneem (2 Pet. 2:12 en Judas 1:10). Israel se ongehoorsaamheid aan YHVH se Torah het hulle verstrooiing meegebring en dat hulle deur die ongediertes (die volke) 'verskeur' is (Verwys Deut. 7:22; Jer. 12:9, 27:6; Jes.56:9; Eseg. 34:5 en Hos. 2:12).

Is die Christendom nie in dieselfde situasie nie? Word hulle nie aangeval deur die 'ongediertes' van Islam en immoraliteit nie? Word hulle nie ook 'verskeur' deur afgodery, dwaalleringe en gebrek aan kennis van YHVH nie. Verwys Hos. 4:6 en Jes. 5:13.

So lees ons in Jes. 1:4 – *Wee die sondige nasie, die volk swaar van skuld, die geslag van kwaaddoeners, die kinders wat verderflik handel! Hulle het YHVH verlaat, die Heilige van Israel verag, hulle het agtertoe weggedraai.* Die Hebreeus vir nasie is goy en beteken 'n

vreemde nasie en dus ‘n heidense volk en word hoofsaaklik vir ander volke gebruik. Hierdie is egter een van verskeie teksverse waar na Israel verwys word as ‘n vreemde heidenvolk. Die rede is dat Israel so afvallig geword het dat YHVH hulle nie meer as Sy uitverkore volk beskou nie.

Sonde is wetteloosheid en dus die oortreding van YHVH se Torah (1 Joh. 3:4). Israel se wetteloosheid was sodanig dat hulle vergelyk word met die heidenvolke! *Hulle het YHVH verlaat, die Afgesonderde van Israel verag. Hulle het agtertoe weggedraai* beteken dat Israel sy rug op YHVH gedraai het. Die profeet Jeremia stel dit soos volg: *Want hulle het My die rug toegekeer en nie die aangesig nie. Maar in die tyd van hulle onheil sê hulle: Staan op en verlos ons!* Is laasgenoemde nie ‘n raak beskrywing van die Christendom nie? Hulle wil nie Torah-gehoorsaam lewe nie, maar in tye van benoudhede verwag hulle van God om hulle gebede te verhoor en hulle te red.

Het die Christendom die woorde in Spr. 28:9 vergeet? *Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is ‘n gruwel.* Jesaja vra dan ook:

Waar sal julle nog geslaan word, aangesien julle voortgaan in rebellie? Die hele kop is siek en die hele binneste is swak. Vanaf die voetsool tot die kop is daar niks reg nie, net kneusplekke, opswellings en rou wonde; nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie (Jes. 1:5 en 6 – PWL).

Is hierdie woorde nie ook van toepassing op die Christendom (die ‘kerk’) nie? Daar is nie ‘n verskil tussen Christene en die wat afgode aanbid nie! ‘n Wêreldsgesindheid heers in die Christendom en daarom is dinge soos egskeiding, siektes, aborsies, immoraliteit, verslawing, en dergelike dinge eweveel waarneembaar by Christene en heidene. Dikwels lê die probleem by Christenleierskap wat Torah verwerp en lidmate so leer – *die hele kop is siek* en daarom is die binneste (die gemeente) swak.

In Jes. 1:7 lees ons ook: *Julle land is verlate, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid; dit is verlatenheid asof deur vreemdes gesteel.* Die lande wat voorheen as Christenlande beskou was, insluitend Suid Afrika, word oorspoel deur Islam en ongelowige immigrante. Die vastrapplek wat Islam selfs in die ‘kerk’ besig is om te verkry, bekend as Chrislam, bevestig hierdie profetiese woorde van Jesaja.

Dit is derhalwe glashelder dat niks sedert die dae van Jesaja verander het nie. Sy profetiese woorde is ook vandag op die Christendom en ons land van toepassing. Maar Vader-God gee ook die uitkoms soos Jesaja gespreek het:

Was julleself, maak julleself skoon; verwyder die boosheid van julle dade uit My sig. Hou op om boos te doen, leer om goed te doen; soek regverdige oordeel, bestraf die gewetenlose, verdedig die weeskinders, verdedig die saak van die weduwee. Kom nou en laat ons saam redeneer,’ sê יהוה: ‘Alhoewel julle sondes soos skarlaken is, sal dit so wit wees soos sneeu; alhoewel hulle so rooi is soos karmosyn, sal dit wees soos wol. Jes. 1:16 tot 18 – PWL.

Ons elkeen het die keuse om ons te bekeer en terug te keer na ‘n Torah-gehoorsame kind van YHVH se geregtigheid in Yeshua Messias. Elkeen moet die gevolge van volgehoue rebellie besef, naamlik:

As julle inwillig en gehoorsaam, sal julle die beste van die land eet, maar as julle weier en rebelleer, sal julle deur die swaard verteer word. Waarlik, die mond van יהוה het gepraat.

Jes. 1:19 en 20 – PWL.

YHVH, ons Vader-God, stel ons voor die keuse van lewe en dood, en Hy sê aan elkeen van ons: Kies lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe (Deut. 30:19 en 20)!!

Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.” (PWL).

Kies Yeshua as Messias en kies gehoorsaamheid aan Torah!! Dit is lewe in oorvloed en die beste verweer teen Satan wat kom om te steel, te slag en te verwoes (Joh. 10:10).

Bepeins of Bespreek

1. Het Israel geweet en besef dat hulle in ongehoorsaamheid aan Torah geleef het? Was hulle doelbewus rebels of het hulle, soos die Christendom vandag, oortuig gewees dat hulle God in Gees en waarheid dien? Onthou: Goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie!!
2. Lees Jer. 6:16. Is dit die boodskap wat jy deur woord en daad aan jou geliefdes en vriende probeer tuisbring, naamlik keer terug na die ou paaie van Torah-gehoorsaamheid?
3. Onthou: *Repentance is a theological term for turning back to the original software designed by the original Programmer* (Paul McGuire). Is jy 'geprogrammeer' met YHVH se 'Torah-sagteware'?

Cheap grace is the theology that expects the benefits of grace without the sacrifice of obedience – Bonhoeffer

Nota

Afgodery (en godsdiens!) is die behoefte aan 'n god en om dan 'n god te skep en te besluit wat die naam van die god is, wat sy hoedanighede (eienskappe; kenmerke; karakter; vermoë) is en hoe die verhouding met hierdie god moet wees. Dikwels word sekere hoedanighede van YHVH-God aan hierdie afgod(e) gegee. Onthou: Torah beskryf die hoedanighede (Karakter en Outoriteit) van YHVH. Daarom: Om Torah, of enige deel daarvan te verwerp, is om 'n afgod te maak wat slegs sekere van YHVH se hoedanighede bevat. Wat is die maatstaf of jy YHVH of 'n afgod dien? Kyk na watter van die 10 gebooie jy onderhou – al tien of net nege!! Onthou: die tien gebooie is die **tien woorde** (*asarah dabar*) van YHVH (Ex. 34:28; Deut. 4:13 en Deut. 10:14) en is die basis (opsomming) van die hele Torah (van al die woorde van YHVH).

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.